*PRESIDENTSREDE:*

# DIE NASIONALE KANKERVERENIGING VAN SUID-AFRIKA : ALGEMENE JAARVERGADERING

LEWIS S. ROBERTSON, M.B., CH.B., D.P.H., *Johannesburg*

Dit is vir my 'n voorreg om verslag te doen oor 'n verdere jaar in die loop waarvan die Vereniging aansienlike vordering gemaak het met sy vierledige aanval op kanker.

Veral verblydend is die wete dat die Nasionale Kankervereniging van Suid-Afrika gunstig met ander kankerbestrydende organisasies in die wêreld vergelyk. Dit beskik oor een van die beste en omvattendste kankerbestrydingsdienste in die wêreld, en hoef slegs vir enkele van die allergrootste lande agteruit te staan. Ek wil dan ook hulde bring aan susterorganisasies in die Verenigde State, Kanada en die Verenigde Koninkryk, wat ons so mildelik met die ontwikkeling van hierdie moderne program gehelp het. Hierdie hulp het nooit die vorm van kontant toelaes aangeneem nie, en toe ons Hoofsekretaris dus uitgenooi is om 'n vergadering van die ,Komitee vir die Bevordering van die Wêreldwye Stryd teen Kanker' in Oktober 1963 in New York toe te spreek, kon hy met trots

verklaar: ,Ons Suid-Afrikaners het die Verenigde State nog nooit om dollars gevra of dit verwag nie, maar ons is opreg dankbaar en wil ons erkentlikheid aan u betuig vir die verlof wat u aan ons verleen het om u rolprente en pamflette te gebruik — of, om dit op 'n ander manier te stel, vir u kundigheid wat tot ons beskikking gestel is.'

Gedurende 1963 het die Vereniging R18,414 aan sy Professionele Inligtingsdiens bestee. Die doel van hierdie diens is om die jongste vorderings op die gebied van die diagnose en behandeling van kanker onder die aandag van die mediese en verwante professies in Suid-Afrika te bring. Inbegrepe by die diens is toelaes aan dokters om na die buiteland te gaan vir die verdere bestudering van verskillende aspekte van die diagnose en behandeling van kanker, en die publikasie en verspreiding van die Suid-Afrikaanse Kankerbulletin. Dit sluit egter *nie* navorsing in nie, en hierdie onderdeel van die Vereniging se werk word afsonderlik behandel. As deel van die professionele voorligtingsveldtog het die Vereniging verantwoordelikheid aanvaar vir die publikasie van 'n bibliografie oor kanker in Afrika. Dit het in 'n groot behoefte voorsien, en is die eerste werk van hierdie aard wat in die wêreld gepubliseer is. Eksemplare is gestuur aan kankernavorsers in alle dele van die wêreld, baie van wie die Vereniging gelukgewens het met hierdie nuttige hulpmiddel vir navorsingswerkers.

By geleentheid van die 44ste Mediese Kongres wat in Johannesburg gehou is, het die Vereniging deelgeneem aan die Wetenskaplike Uitstalling. Sy uitstalling het bestaan uit 'n afbeelding van verskillende aspekte van afskilferende sitologie, 'n diagnostiese prosedure wat veral nuttig is vir die ontdekking van die vroeë en geneesbare vorms van baarmoederkanker. Gebruik is gemaak van twee sypanele met vergrote kleurtransparante en 'n groot kas bevattende 'n skyfiemasjien met sestien 35 mm. kleurskyfies vir die verduideliking van die tegniek en die bereiding en metode wat toegepas word by die neem en versending van smere. Daarbenewens is ook aangetoon wat die Nasionale Kankervereniging vir die mediese professie kan doen, en besig is om te doen. Die uitstalling was van die allerhoogste professionele gehalte en is groot lof toegeswaai deur talle van die persone wat dit gesien het.

Wat die stryd teen kanker betref, kan ek nooit genoeg klem lê op die belangrikheid van die voorligting aan die publiek nie. Aan hierdie aspek van sy werk het die Vereniging in 1963 'n bedrag van R38,347 bestee. Ondanks die skitterende vordering wat reeds met die diagnose en behandeling van kanker gemaak is, is die voorligting van die publiek nog steeds die belangrikste enkele lewensreddende faktor waaroor ons beskik. Die ouderwetse idee dat intelligente voorligting aanleiding tot kankervrees gee, het oor en oor geblyk ongegrond te wees. Dit is vir my 'n genoeë om te kan aankondig dat daar afdoende bewys is dat die Vereniging, deur sy openbare voorligtingsveldtog, reeds die lewe van talle mense gered het.

By gebrek aan enige praktiese staatshulp is voorligting nog steeds die waardevolste wapen in die stryd teen kankerkwaksalwers. Velkanker wat vir 95% geneesbaar is, eis nog baie menselewens in Suid-Afrika op, omdat talle slagoffers van die siekte hulle toevlug tot kwaksalwermiddels en kwaksalwerpleisters neem. Maar ook hier is die posisie heelwat beter as wat dit 10 jaar gelede was. Intelligente lede van die publiek wat deur ons propaganda beïnvloed is, raadpleeg nie langer kwaksalwers nie. Op hierdie besondere gebied maak ons steeds vordering, maar ongelukkig sal daar altyd mense wees wat deur wetgewing teen die verwoestingswerk van die kankerkwaksalwer beskerm sal moet word. Die Edelagbare Minister van Gesondheid is skynbaar nie ten gunste van die indiening van wetgewing om die bedrywighede van kankerkwaksalwers aan bande te lê nie.

Die Vereniging het 'n verdere rekord behaal met die aantal lede van die publiek wat hy met sy propaganda bereik het. 91,737 mense het 1,099 rolprentvertonings bygewoon. Dit is byna twee keer meer as in 1962. 14,775 is bereik deur ons reisende eenhere wat verskillende dele van die land besoek het, en 447,000 mense het ons uitstallings besoek. Dit beteken dat ons boodskap by meer as 'n halfmiljoen Suid-Afrikaners tuisgebring is. Dit is 'n trotse prestasie — met watter maatstaf dit ook al gemeet word.

Veral bemoedigend is die vordering wat gemaak is in die stryd teen baarmoederkanker, die mees gevreesde vorm van dié siekte by vroue. In hierdie verband moet hulde aan die Provinsie Natal gebring word. Die Durbanse Stadsraad het 'n voorbeeld aan die Provinsie gestel deur vanaf 15 Januarie 1963 'n gratis diagnostiese diens tot beskikking van die vroue van Durban te stel. *Binne 11½ maande het 2,580 volwasse vroue gebruik van hierdie diens gemaak. Dit het geblyk dat 13 van hulle aan kanker van die baarmoeder gely het. Die Kankervereniging wil die stadsvaders van Durban gelukwens met hul ondernemingsgees wat dertien waardevolle menselewens gered het.* Die Vereniging bring sy dank ook oor aan die Provinsiale Administrasie van Natal. Sy simpatieke houding het daarop uitgeloop dat hierdie diens ook in die Provinsiale hospitale op 'n hele aantal dorpe in Natal beskikbaar gestel kon word. Daar is ook aanduidings van die goeie werk wat in en deur die ander Provinsies gedoen word.

Die Kankervereniging bly erg besorg oor die posisie van die kankerpasiënt. Terwyl die Vereniging uit 'n finansiële oogpunt nooit sterk genoeg sal wees om die mediese- en hospitaalonkoste van al hierdie pasiënte te betaal nie, word die toelaes wat aan werklik behoeftige kankerpasiënte toegestaan word, geleidelik verhoog. Dit is verblydend om te weet dat die Vereniging op hierdie manier daarin geslaag het om die lyding van honderde kankerpasiënte te verlig.

Die Kankervereniging wil sy waardevolle dienste uitbrei, en om dit moontlik te maak, sal 'n nasionale geldinsamelingsveldtog van stapel gestuur word. Hoewel die organisasie nog baie jonk is, is dit verblydend om te kan aankondig dat vrywilligers wonderlike hulp aan die Vereniging verleen. Dit is heeltemal duidelik dat die publiek van Suid-Afrika die Vereniging nie in die steek sal laat vir sover dit finansies betref nie.

Gedurende 1963 is daar besluit dat, aangesien die meeste navorsingskemas wat sedert 1956 en 1957 ondersteun is, afgehandel is, die Vereniging sy steun aan nuwe skemas behoort toe te sê. Gevolglik is navorsingstoelaes tot 'n bedrag van R54,000 vir die jaar 1964 goedgekeur. Hierby is inbegrepe die toelae aan die Kankernavorsingseenheid by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing. 'n Bedrag van R5,800 is bewillig vir 'n opname van die voorkoms van kanker onder die Indiër- en Bantoebevolking van die distrik Durban-Pinetown, en vir 'n ondersoek van die etiologiese faktore. Daar bestaan geen inligting oor die *voorkoms* van kanker onder *enige* Indiërbevolking in die wêreld nie. Die Durbanse Indiërs, die grootste Asiatiese groep in Suid-Afrika, behels meer as die helfte van ons hele Asiatiese bevolking, en hul vatbaarheid vir kanker sal lig werp op die etiologiese betekenis van faktore soos die kou van betelneut, kerrie en speserye, besnydenis en lugbesoedeling.

Ook van die voorkoms van kanker onder die naturelle in Durban weet ons baie min. 'n Ondersoek kan lig werp op hul vatbaarheid vir Burkitt se tumor, lewerkanker, en kanker van die slukderm.

'n Bedrag van altesaam R9,800 is toegeken vir 'n ondersoek na chemoterapie. Die skema bestaan uit 'n kliniese ondersoek van nuwe sitostatika wat van hulp vir kankerpasiënte kan wees en die vasstelling van hul waarde by die behandeling van kwaadaardige neoplastiese kwale by die mens; en om die voordele wat kankerchemoterapie vir die kankerlyer inhou op 'n klinies veilige basis te benut en hierdie voordele op 'n groter skaal beskikbaar te stel.

Die jaar 1963 is afgesluit met 'n tekort van R13,922 wat uit ons reserwes bestry moes word. Die tekort vir 1962 was R33,111.

Namens die Vereniging wil ek die vrygewige publiek van Suid-Afrika bedank vir hul spontane steun wat hierdie verbetering moontlik gemaak het. Ek is daarvan oortuig dat die spontane bydraes van die publiek ook in die toekoms sal styg.

Ten slotte wil ek my persoonlike en opregte dank oorbring aan my kollegas in die Bestuursraad en aan diegene wat in komitees gedien het vir hul steun en samewerking gedurende die afgelope jaar. Namens die Vereniging wil ek ook die Sekretaris en sy personeel bedank vir hul lojale en doeltreffende werk, ondanks die steeds toenemende las wat die gedurige uitbreiding van die Vereniging se bedrywighede op hul skouers geplaas het.